

Resensie

Het Andere Postkoloniale Oog. Onbekende kanten van Nederlandse (post)koloniale culturen

Redakteur: Michiel van Kempen

Courtneigh Ess

Van Fanon tot Spivak, van Bhabha tot Said en van Achebe tot Rushdie – hul werke is sprekend van die aanwending, toepassing en bruikbaarheid van postkoloniale teorie. Met *Het Andere Postkoloniale Oog* (2020), saamgestel deur Michiel van Kempen, word 'n vernuwend teoriebydrae tot die internasionale postkoloniale diskoers gelewer. Al in die titel van hierdie bundel essays word op 'n vernuwend inslag gesinspeel.

Het Andere Postkoloniale Oog bevat 24 bydraes wat aan die hand van uiteenlopende genres die dinamiese aard van die postkolonialisme bevestig. In die bundel word gefokus op interverhoudings tussen subjekte, simbiose tussen die hede en die verlede en die heterogene aard van kulturele identiteitskepping. Dit herinner aan die postkoloniale kritikus, Achille Mbembe (2001:14) se benadering van die postkolonialisme: “As an age, the postcolony encloses multiple durées made up of discontinuities, reversals, inertias, and swings that overlay one another, interpenetrate one another, and envelope one another: an entanglement.” Uiteraard is dit presies wat in *Het Andere Postkoloniale Oog* bewerkstellig word: In die teks word die oorkoepeling en verstrengeling van koloniale en postkoloniale stemme wat oor mekaar, vir mekaar en teen mekaar praat, sentraal gestel.

Die bundel word in vier hoofkategorieë verdeel, naamlik Nederlands-Indië, Nederlands-Karibies, Suid-Afrika en die literatuur van “Nieuwe Nederlanders”. Hierdie konteks-spesifieke kategoriserings bied 'n sistematiese oorsig van die ontwikkeling van postkolonialisme en sodoende sluit dit aan by die postkoloniale teorie waar spesifisiteit en historisiteit deurgaans op die voorgrond geplaas word.

Het Andere Postkoloniale Oog word ingelei met 'n feesrede van die Nederlandse skrywer J.Z. Herrenberg, wat die multikulturele aard van die Nederlandse samelewing en subjekte vier en verheerlik. Die feesrede is vervleg met Herrenberg se persoonlike narratief met spesifieke verwysing na sy Surinaamse pa en sy hibriede herkoms. Dié persoonlike narratief vind inkleding by die groter postkoloniale diskoers wat hibriditeit, sinkretisme en kreolisering sentraal stel.

Sodoende illustreer Herrenberg, aan die hand van sy persoonlike narratief, die ambivalente uitwerking van hibriditeit op die koloniale diskoers binne 'n postkoloniale konteks.

Die eerste essay in die versameling, “De vloek van Cham voorbij” deur Ken Mangroelal, is in dagboekformaat geskryf. Hierdie narratiewe strategie dui op 'n alternatiewe teoretiese benadering van postkolonialisme waarin die skrywer op 'n selfaktualiserende wyse terugskryf op koloniale diskoerse en metanarratiewe. Sodoende kom die postkoloniale bemoeienis met stemgewing duidelik na vore in Mangroelal se essay. In sy bydrae dui hy telkens op die hiaat wat betref subalterne stemme in die Nederlandse geskiedenis, taal en literatuur. Hierdeur illustreer Mangroelal hoe taal as 'n uitsluitingsmeganisme funksioneer wat vervreem, verswyg en verdring. Om hierdie rede benadruk hy die waarde van verskeie genres soos literatuur, film, dans en toneelspel om hierdie versweë stemme en ervarings te agterhaal.

Dit is dus nie verbasend dat *Het Andere Postkoloniale Oog* uiteenlopende genres as toepassingsveld vir die postkolonialisme benut nie. In “Zingen over voorheen De West; Over het eiland Suriname en het land Curaçao” stel Bert Paasman ondersoek in na liedere wat gesing is in vroeëre koloniale handelsgebiede in Oos- en Wes-Indië, en in Suid-Afrika. Opvallend is die tydloosheid van hierdie liedere en die wyse waarop hierdie liedere as draers van kulturele identiteite en diskoerse dien. Hilde Neus werp in “Een ‘Surinaams’ blijspel in de chicanes van de Amsterdamse elite” 'n soeklig op die blyspel en toneelstuk “Klucht van Hans Michel Frisschensteccher” en belig hiermee die uitwerking van koloniale ideologieë op liefdesverhoudings oor ras- en klasgrense heen.

Hariëtte Mingoën fokus in “Gamelan: Surinaams-Javaans erfgoed dat dreigt verloren gaan” op Gamelan, 'n versameling van instrumente en musiek wat deur Javaanse migrante na Suriname gebring is. Mingoën huldig Gamelan as 'n draer van Surinaams-Javaanse kulturele erfenis wat tans uitsterf. In hierdie verband kan Mingoën se fokus op Gamelan beskou word as 'n poging waardeur Gamelan nie net gevier word nie, maar ook (ten minste op papier) behou word.

Aminata Cairo bied in “Hebi sani e dansi; Dans als een uiting van geestelijk welzijn onder slavernij” 'n verkennende blik op dans as 'n vorm van selfuitdrukking en toevlug onder die Afro-Surinaamse Kriyoro-bevolking. Cairo maak gebruik van 'n meervlakkige benadering wat Karibiese, swart en transnasionale feminismes insluit. Dans word hier voorgelê as 'n intrinsieke merker van die Afro-Surinaamse vroulike identiteit en ook as 'n instrument wat vroulike bemagtiging en solidariteit in 'n hoogs patriargale samelewing bewerkstellig het.

Hierdie feministiese inslag word voortgesit in Adrienne Zuiderweg se

essay “Krassende pennen; Kroniek van een schrijvende moeder, dochter en schoonzoon” waar sy hoofsaaklik ondersoek instel na die werk van die Nederlands-Indiese vroueskrywer M.C. Frank. Ook Jacqueline Bel bring ’n feministiese inslag na vore wanneer sy in die “De ‘inheemse schone’; Van cliché tot kultuurkritiek” op die representasie van inheemse vroue in Indiese romans in Nederland fokus. Veral Bel se bespreking van gevestigde postkoloniale teoretiese inslae is prysenswaardig, omdat sy daarin deurgaans die patriargale ondertoon van hierdie teorieë ontbloot.

Lonneke Geeling en Ellen de Vries bied ’n verkennende blik op feministiese en humanistiese solidariteit oor ras- en kulturele grense heen. In hul essay stel hulle ondersoek in na die verhouding en vriendskap tussen die skrywer Rosey Pool en die illustreerder Nola Hatterman. Opvallend hier is die erkenning van wit kulturele bemiddelaars se bydraes tot die swart vryheidstryd.

In *Het Andere Postkoloniale Oog* word voorts literêre en tekstuele verbande tussen boeke belig wat in verskillende sosio-politieke kontekste verskyn het. In “De Aap leef voort; Een analyse van het verhaal ‘Voor Alex Burrough’ (2002) van Abdelkader Benali als ‘rewriting’ van *Mijn aap schriet* (1928) van Albert Helman” bespreek Judit Gera twee verhale uit verskillende tydsgewrigte. Beide verhale handel oor ’n aap en Gera argumenteer dat Benali se teks beskou kan word as ’n herskrywing van Helman se verhaal vanweë intertekstuele verbande. Hierdie literêre simbiose tussen hede en verlede belig die spanning tussen ’n voortdurende veranderende realiteit en terugkerende narratiewe – ’n dialektiese verhouding wat sentraal staan binne die postkoloniale teorie.

Op ’n soortgelyke wyse stel Margriet van der Waal ondersoek in na die ideologiese werking tussen literêre tekste en die sosiale samelewing met aandag aan die uitbeelding van ’n omstrede Suid-Afrikaanse historiese figuur, Coenraad Buys. Van Der Waal bestudeer representasies van Buys soos wat dit neerslag gevind het in die Suid-Afrikaanse romans *King of Bastards* deur Sarah Gertrude (1950) en *Buys: ’n Grensroman* deur Willem Anker. Van der Waal argumenteer dat die (negatiewe) uitbeelding van Buys in Gertrude se roman teruggevoer kan word na dominante ideologiese verwysingsraamwerke van die apartheidsregime, waar rashibriditeit verafsku is. In teenstelling hiermee, word Buys in Anker se roman as ’n soort mitiese figuur uitgebeeld, en volgens Van der Waal is dit tekenend van ’n postapartheidsideologie waarin hibriditeit gevier en verheerlik word. Buiten die feit dat Van der Waal duidelik illustreer hoe literêre tekste dikwels ingeklee word deur sosiale opvattinge oor identiteite, belig sy in haar essay ideologiese diskrepanse wat in koloniale en postkoloniale literatuur bestaan.

Buiten die bovermelde fokus op uiteenlopende genres en toepassingsvelde van die postkolonialisme, word ’n aantal (andersins vergete) historiese figure in die

sosio-politieke konteks van die Nederlands-Karibiese streek erken. Kees Snoek bied 'n blik op die lewenservaring van 'n Indonesiese nasionalis en politikus, Sjahrir, in "Sjahrir privé: de troost van muziek en natuur". Snoek steun daarin grootliks op briewe deur Sjahrir in 'n poging om 'n genuanseerde oorsig van sy lewe en ervaring te bied. Die fokus op Sjahrir se briewe as 'n persoonlike narratief bring 'n kenmerkend postkoloniale fokus na kleiner en verswygde narratiewe na vore waarin die stem van die onderdrukte sentraal staan.

Het Andere Postkoloniale Oog fokus veral op die Nederlands-Karibiese konteks. Hieruit ontstaan 'n geskakeerde beeld van intrinsieke geografiese en historiese verskille en die uitwerking daarvan op die literatuur. In die essay "Pierre Lauffer als Nederlandstalig outeur" bespreek Wim Rutgers 'n skrywer van Curaçao, Pierre Lauffer. Cynthia Abrahams kyk in "Flonkeringen uit de goudwastrog: Interessante feiten uit de nalatenschap van Trefossa" na die literêre nalatenskap van die skrywer Trefossa* (skuilnaam van Henri Frans de Ziel) met aandag aan sy spinverhaal, kladblok en konsepbriewe, opstelle en sy digkuns. Klaas de Groot bied in sy essay "Een durian als handgranaat. Over zeven 'Indische' gedichten van Bernardo Ashetu" 'n herlesing en herwaardering van Ashetu se poësie en toon aan hoedat Ashetu as postkoloniale skrywer literêre verbeelding en digkuns as instrumente van bevryding aangewend het.

Internasionale polemieë rondom postkolonialisme bevat uiteenlopende menings met betrekking tot wat beskou kan word as postkoloniale literatuur en wat nie. Boehmer (1995:3) voer aan dat postkoloniale literatuur krities omgaan met koloniale diskoerse, beelde en ideologieë. Die tydvak waarin literatuur verskyn het, maak dit dus nie per definisie 'postkoloniaal' nie. Postkoloniale literatuur word eerder gekenmerk deur 'n dissidente inslag wat koloniale ideologieë en denkwyses uitdaag. Remco Raben illustreer duidelik hierdie uitgangspunt in sy bestudering van die roman *President Dramakutra* deur Henk (Hendrik) van Galen in die essay "De president, zijn kabinet, de journalist en de Westerling; Over het universalisme in H. van Galen Lasts *President Dramakutra*". Die roman het in 1957 verskyn teen die agtergrond van die heersende spanning tussen Nederland en Indonesië. Die inhoud was radikaal en progressief vir dié tyd, en is destyds nie positief ontvang nie. Na die verloop van meer as vyf dekades (her)waardeer Raben hierdie roman uit 'n postkoloniale raamwerk. In sy analise belig hy die wyse waarop dominante diskoerse oor die Ooste en Weste in hierdie roman uitgedaag word. Op grond daarvan kan hierdie roman, ten spyte van die tydsgewrig waarin dit gepubliseer is, as 'n postkoloniale teks beskou word.

Het Andere Postkoloniale Oog verleen voorts 'n nuwe dimensie aan die bestudering van swart vroueliteratuur. In hierdie verband lewer Yra van Dijk 'n waardevolle bydrae met haar essay "Media, materialiteit en relatie in Astrid

Roemers *Lijken op liefde*” waarin sy ondersoek instel na die literatuur van die Surinaamse skrywer Roemers. Van Dijk toon aan hoe Roemers se literatuur aan die hand van alternatiewe vertelstrategieë ’n eiesoortige en intrinsieke blik op die Surinaamse geskiedenis bied. Die essay word onderlê deur ’n omvangryke teoretiese raamwerk wat nuttig blyk vir die bestudering van swart vroueskrywers se literatuur, met toespitsing op die postkoloniale vrouestem.

In die slothoofstuk bekyk Van Kempen ’n nuwe generasie skrywers in die Nederlands-Karibiese konteks wat vernuwing in hierdie letterkunde teweeggebring het. Hy identifiseer daarin ’n meertalige benadering, ’n fokus op migrasie-tematiek en rasseproblematiek as vernuwende inslae onderliggend aan hierdie literatuur. Dit is opmerklik dat hierdie bevindinge grootliks resoneer met literêre ontwikkelings binne Afrikaanse literatuur: *Hy kom met die skoenlappers* deur Valda Jansen (2016) konfronteer byvoorbeeld die migrasie-tematiek terwyl die resente debuutbundels van Ryan Pedro (*Pienk ceramic-hondjies*, 2020) en Veronique Jephthas (*Soe rond ommie bos*, 2021) in die teken staan van meertaligheid asook ’n kritiese blik bied op die rasseproblematiek in postapartheid Suid-Afrika. Van Kempen se werkwyse dien sodoende as ’n nuttige rigsnoer vir diegene wat nuwe ontwikkelings binne die trajek van postkoloniale letterkunde in bepaalde kontekste ondersoek.

In hierdie bundel word ’n heterogene, nietotaliserende benadering van postkolonialisme versinnebeeld. Erkenning word gegee aan diversiteit, pluralisme en fragmentering binne die postkoloniale diskoers en dit word op verskeie maniere gevier. Hierdie benadering roep nuwe ondersoekmoontlikhede op en vestig die teks as ’n essensiële bron vir studente en teoretici werksaam in die postkoloniale denkskool.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

- Boehmer, E.** 1995. *Colonial and Postcolonial Literature*. Oxford University Press: New York.
- Jansen, V.** 2016. *Hy kom met die skoenlappers*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Jephthas, V.** 2021. *Soe rond ommie bos*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Mbembe, A.** 2001. *On the postcolony*. London: University of California Press.
- Pedro, R.** 2020. *Pienk ceramic-hondjies*. Kaapstad: Kwela Uitgewers.